



LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Woekerblad	3
Fokus op die Huwelik	4
Resepthoekie	5
Gebedsaksie	6&7
Koninkrykstyl	8
Mosambieknuus	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12



*Wil jy graag
iets in ons
koerantjie plaas
of self ietsie
skryf?*

*Bydraes vir
Augustus moet
Kerkkantoor voor
12:00 op Ma.
23 Julie bereik!*

OM ANDERS TE WEES DEUR AMANDA SWANEPOEL

Kolossense 2:20

"Waarom leef ons dan nog asof ons aan hierdie wêreld behoort?"

Ek het 'n paar jaar gelede 'n funksie bygewoon waartydens 'n Engels- sprekende dame 'n aanbieding moes doen. Sy het begin deur vir die gehoor te sê: "Ek is anders as julle hier!" Dit het heel hoogmoedig geklink maar al wat sy eintlik wou sê was dat sy Engels sprekend is, terwyl die gehoor oor die algemeen Afrikaans gepraat het. Ons het haar kosbare opmerking baie geniet omdat dit maklik vir wanopvatting vatbaar kon wees, maar dit het my daaraan laat dink dat elkeen van ons wat met Jesus bloed bedek is, presies so deur die lewe moet stap. Ons is anders en ons is nie van hierdie wêreld nie. Jesus laat ons anders lyk, praat en leef. Die vraag is egter waarom leef ons so dikwels dan nog asof ons aan hierdie wêreld behoort?

Is ek en jy anders genoeg?

"Jy kry muwwerige, mopperige, stowwerige, sitterige, lêerige, lammerige, tammerige, happerige, kapperige, wipperige, skrikkerige, tje-tje-erige, nee-erige Christen-mense.

By hulle groei jy nie. Groei ander gelowiges in jou geselskap?"

Maretha Maartens



LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)

Kol.3:11 Christus alles en in almal.



Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE. WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).

BERG 80 VERJ: JULIE 2018

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Mocke	Engela	07/07	85
Oberholzer	Dora	07/12	94
Van Heerden	Mime	07/13	88
Luyt	Hester	07/14	81
De Villiers	Ria	07/17	93
Kriegler	Joël	07/20	82
Van Wyk	Ben	07/23	80
Du Toit	Jan	07/28	87
De Jager	Stukkie	07/29	91
De Villiers	Tollie	07/31	85

Baie geluk en seën!

Jer. 31:25
Ek gee nuwe krag aan die wat moeg is
Ek maak die moedlose weer vol moed.

M.A.G.
Meisies Agter God

Jy en elke vrou in jou lewe is uitgenooi na 'n bederf oggend in God se teenwoordigheid. Jy **M.A.G.** dit nie misloop nie

Tema: Ek is ...
Datum: 15 September 2018
Tyd: 10h00
Plek: Lourensrivier Gemeente
Koste: R50 p/p
Kaartjies beskikbaar by kerkkantoor.

How to be Beautiful

(Audrey Hepburn's Beauty Tips)

- ♥ For attractive lips, speak words of kindness.
- ♥ For lovely eyes, seek out the good in people.
- ♥ For a slim figure, share your food with the hungry.
 - ♥ For beautiful hair, let a child run his/her fingers through it once a day.
 - ♥ For poise, walk with the knowledge that you never walk alone.
- ♥ People, even more than things, have to be restored, renewed, revived, reclaimed, and redeemed; never throw out anyone. Remember, if you ever need a helping hand, you will find one at the end of each of your arms. As you grow older, you will discover that you have two hands; one for helping yourself, and the other for helping others.



Droë Vrugte:
Snippers (200 gr) @ R20 per pakkie (deurmekaar vrugte)
Kakamas Perskes (taaipit) @ R60 p/kg
Cederberg Perskes (Iospit) @ R60 p/kg
Pere @ R60 p/kg



4UMMIE Milokoekies @ R25 per pakkie (200g)
Perske Blatjang @ R35 vir 630g (lekkerder & meer as Mrs Bl)
Perske & Appelkoos Blatjang @ R35 vir 630g (lekkerder & meer as Mrs Bl)
Marmelade @ R30 (470ml)
Bettiesbaai rou heuning @ R50 per potjie (400ml)
Lappiesboontjies @ R45 p/kg (vir lekker sousbone en boontjiesop)



*Lourensrivier
se
Woekerhoekie*

Kontak: 021 853 5991 Lourensrivier Gemeente
H/V/ Broadway & Da Gama

VIR EFT'S OF FINANSIËLE BYDRAES:

Rekeningnaam: NGK Lourensrivier
ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312)
Rekeningnommer: 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos: fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & produk of voedsel fees)

Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollekesakkies geplaas kan word.



FOKUS OP DIE HUWELIK

WIL JY HÊ JOU MAAT MOET VERANDER??

Hoeveel keer wil jy graag hê jou maat jou punt insien?

Wens jy partykeer dat julle net minder kan baklei?

Wonder jy oor hoe julle konflik vinniger kan oplos?

Wil jy graag hê jou verhouding moet verander? Of dalk raak jy verveeld met parallelle lewe wat julle lei en wil graag weer emosionele en seksuele passie in julle verhouding herstel. Of dalk wil jy 'n huwelik hê waar jy saam met iemand leef wat verbind is tot die huwelik en nie hulle aandag wegvat na ander mense of sake buite die huwelik nie.

In kort, iets moet verander. En jy is waarskynlik reg, jou huwelik moet verander. 'n Huwelik verander slegs as gedrag verander. Jy kan nie 'n boek lees of 'n werkwinkel bywoon en dink nou gaan alles verander nie. Jy moet iets doen.

Wat moet jy doen? Moet jy ouliker word, moet jy ingee, moet jy vergewe, moet jy harder probeer? Dalk het jy al dit alles probeer, maar dit het nie gewerk nie.

As jy 'n daadwerklike verandering in jou verhouding wil hê, is daar twee aksies:

1. Doen dit wat vir jou moeilik is om te doen.

Bv. Jy is 'n stil mens, maar nou moet jy praat oor hoe jou dag was, of jy is iemand wat graag wil antwoorde en oplossings gee, maar nou moet jy stil word en net sit en luister.

2. Jou maat het dít nodig wat jy moet doen.

Let wel, **nie wat jy dink wat hulle nodig het nie**, maar dit **wat hulle sê** wat hulle nodig het.

Aksies wat werklik verandering bring is dus om vir jou maat te gee wat hulle nodig het, selfs, en veral, as dit moeilik is om te doen.

In die huwelik is groei van die een persoon gekoppel aan die genesing van die ander persoon.

As jy wil groei, doen wat jou maat genees.

Om mekaar weer te ontdek en mekaar dalk vir die eerste keer in jare (of ooit) te hoor, sal jou huwelik verander en dalk die genesing bring wat jy nodig het.

**geskryf deur Dewaldt de Kock,
in samewerking met Kobus van der Merwe**



RESEPTEHOEKIE

WENKE WAT WERK: Om vlekke te beperk, spuit houers en deksels met kleefwerende kos- sproei voordat jy kos wat tamatie, borrie ens. bevat, daarin skep.



LEKKER WINTERKOS

Het iemand iets gesê van sjokoladerig, koffierig, souserig, poedingrig én sjokoladekoekerig?

Gebakte sjokolade-koffiepoeding met sy eie sous

Bedien 6

250 ml (150 g) bruismeel
Goeie knippie sout
125 ml (100 g) strooisuiker
125 ml melk
1 eier
60 ml kakaopoeier (Nomu s'n baie lekker)
70 g botter, gesmelt + ekstra gesmelt om poedingbak te smeer
80 g (125 ml liggies gepak) bruinsuiker
375 ml kookwater
15 ml kitskoffie-korrels of -poeier
Vir bediening: geklopte room of vanielje-roomys



Voorverhit oond na 180°C. Smeer 1.5 l oondvaste bak met gesmelte botter, plaas op 'n bakplaat vir ingeval dit poeding oorloop. Sif die meel, 30 ml kakao en sout saam in 'n bak. Roer die s strooisuiker by. Klop die melk, eier en gesmelte botter in beker tot goed gemeng. Voeg dit by die meelmengsel en roer met 'n houtlepel tot glad. Skep dit uit in die gesmeerde oondbak. Maak die oppervlakte gelyk met die agterkant van 'n lepel.

Plaas die bruinsuiker in 'n bak, sif die oorblywende kakao oor die suiker en meng saam. Sprinkel die kakao-suikermengsel eweredig oor die poeding.

Meng die kookwater en koffie in 'n beker en giet dit geleidelik oor die agterkant van 'n groot lepel oor die poeding (die lepel verhoed dat die vloeistof 'n gaatjie in die deeg maak as jy dit ingooi).

Bak 40 minute of tot die bokant soos koek begin lyk en 'n toetspen wat halfpad in die middel ingedruk is, skoon uitkom. (Moenie tot onder indruk nie, anders sal die sous aan die pen kleef).

Laat staan 5 minute sodat die sous onder die koeklaag effe kan verdik. Bedien warm, sodat die koek nie te veel van die sous absorbeer van lank staan nie.

Bedien met room of roomys. (Resepbron: Taste Australia)

Bron: <https://huiskok.com/>

Lamsvleis lieslapsop met gebraaide tortillarepe

Nee, nie loslappie nie...Lieslappie! ☺

Lieslap is nie juis 'n poëtiese naam vir 'n lamsvleissnit nie, MAAR onder aanmoediging van die bedagsame, geduldige huiskok is lieslap tot baie in staat – sommige sal glo dit oortref duurder, deftiger snitte.

45 ml olyfolie
1 lieslap, in 4 kleiner stukke gesny
2 medium uie, fyn gekap
2 knoffelhuisies, fyn gekap
2 vars brandrissies, fyn gesny
5 ml rooipeper
10 ml gemaalde komyn
2 lourierblare
1 blik gekapte tamaties
1 liter vleisaftreksel
1 blik rooi nierbone, afgespoel
375 ml gaar lensies



Sout en peper

1 bossie vars koljander, gekap

Gebraaide tortillarepe

Verskeidenheid smaaktoisels soos gerasperde kaas, suurroom, vars koljanderblare, tamatie- en uie-salsa, avokado. Verhit olie in 'n sopkastrol en braai vleis goudbruin. Voeg uie, knoffel, rissies, rooipeper en komyn by en soteer.

Gooi aftreksel, lourierblare en tamaties by, prut tot vleis baie sag is. Maak intussen die gebraaide tortillarepe.) Voeg die gekookte lensies en nierbone by, prut nog 30 minute. Pluis liesvleis en gooi terug in die sop. Proe en geur. (Maak intussen die gebraaide tortilla-repies).

Roer vars koljander by, skep in bakkies, plaas gebraaide tortillarepe en smaaktoisels bo-op.

Gebraaide tortilla-repe

15 ml kookolie & 2 tot 3 sagte tortillas

Sny tortillas in dun stroke. Verhit olie in 'n pannetjie oor matig-hoë hitte en braai stroke in enkellaag. Draai om na 30 sekondes en braai ander kant. (Dit word bros wanneer dit afkoel). Dreineer op kombuispapier.

Bron: <https://huiskok.com/>

GEBEDSAKSIE: JULIE

GEBEDSONDERWERP:

GESONDHEIDSDIENSTE:

Hospitale/Klinieke/Personeel

Hospitale: Lukas 4:18



“Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdrukte in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig.”

Klinieke: Romeine 15:1



“Op ons wat sterk is in die geloof, rus die verpligting om die swakhede te verdra van die wat nie sterk is nie. Ons moenie aan onself dink nie, elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof kan opbou.”

Personeel: Jesaja 41:10-12

“Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.”



Bid dat die Here elke gesondheidswerker in die palm van sy hand sal vashou, hulle hande sal sien en sal gebruik vir sy werk.

Bid dat hospitale en klinieke in ons land goed bestuur sal word.

Gebed:

Here dit is U hande wat aan pasiënte raak en U hande wat omgee vir die persone wat pyn en lyding beleef.

Ek vra Here dat U seëninge op dokters en verpleegsters sal neer reën en dat U hulle tot die beste van hulle vermoëns sal laat werk.

So baie van ons benodig hulle en tog word hulle werk as vanselfsprekend aanvaar.

Seën hulle ryklik en ek dank U vir hulle in Jesus naam.

Amen

Die vurige gebed
van 'n regverdige
het groot krag.

Jak 5:16b



Die tydperk ná Pinkster (tot en met Advent) staan algemeen in die kerkjaar as gewone tyd bekend, maar in die Leesrooster verwys ons daarna as Koninkrykstyl.

Daar is geen besondere feeste (soos Advent, Kersfees, Lydenstyl, Paasfees en Pinkster) gedurende hierdie tyd op die kerklike kalender nie. MAAR, soos die naam van hierdie seisoen aandui, gaan dit daaroor dat die heerskappy van die drie-enige God (Skepper, Verlosser en Trooster) gevestig word in elke faset van ons lewe.

Ons word herinner aan die roeping om die gawes

wat ons tydens die feeste ontvang het, in ons lewe van elk dag uit te leef...

Wat vier ons in Koninkrykstyl?

Soos die naam van hierdie seisoen aandui, gaan dit daaroor dat die heerskappy van die drie-enige God (Skepper, Verlosser en Trooster) gevestig word in elke faset van die lewe. Ons word herinner aan die roeping om die gawes wat ons tydens die feeste ontvang het, in die lewe van elk dag uit te leef. Christus se heilswerk, soos dit in die voorafgaande seisoene stuk vir stuk gevier is, het implikasies vir ons betrokkenheid by die materiële, geestelike en emosionele nood in die wêreld.

Koninkrykstyl herinner ons telkens aan die eenheid en interaksie tussen wat ons bely en hoe ons lewe, tussen die teks en ons konteks, tussen kerk en wêreld, tussen woord en daad.

Simbole, gebruike en rituele in Koninkrykstyl

Die sentrale simbool van hierdie tyd is dié van die kerk as 'n bootjie met 'n kruis op. Dit simboliseer die kerk as draer van die kruis in die wêreld. Hierdie tydperk bied aan die Christelike geloofsgemeenskap groter ruimte en vryheid as die primêre Christelike feeste om die kalenders van die kerk en die sekulêre wêreld met mekaar te integreer en te versoen.

Die teksgedeeltes van Koninkrykstyl hou verband met die tema dat Jesus die Here van alle here, die Koning van alle konings is. Die Protestantse kerke vier in hierdie tyd ook die geboorte van die Hervorming, toe Luther sy stellings vasgespyker het teen Wittenberg se kerkdeure.

Die vraag waarmee Christene hulle in Koninkrykstyl besig hou, is: Wie moet ek liefhê? Met hierdie vraag ontdek ons hoe ons Christus se liefde, wat ons in die eerste deel van die kerkjaar gevier het, kan uitleef. Daarom is die hart ten diepste 'n Christelike simbool.

Kleure in Koninkrykstyl

Verskillende skakerings van groen dui in Koninkrykstyl op lewe, groei en vooruitgang.



Mosambiek Geletterdheid

"sodat hulle die Bybel kan lees"

Nuusbrief – Mei 2018 (Deur André en Anna-Marie Thiart)

Nuusbrief: Geletterdheid in die Noorde (Nuusbrief – Mei 2018)
Deur André en Anna-Marie Thiart

Agtergrond

Die IRM (Igrezia Reformada e Mozambique – Gereformeerde kerk in Mosambiek) se geletterdheidsbediening, met ondersteuning vanuit Suid-Afrika wat deur Helderberg Uitreik vanuit Somerset-Wes geadministreer word, is alreeds vir baie jare in Milange, Mosambiek betrokke. Aan die einde van 2017 het die laaste sendelingpaar wat die geletterdheidsbediening op Milange gekoördineer het, teruggekeer na Suid Afrika.

Milange en omgewing

Die projek by Milange het volwassenheid bereik toe die plaaslike kerk self begin verantwoordelikheid neem. Isaac Gama, 'n plaaslike inwoner en lid van die kerk, koördineer die werk in Milange en omgewing. Nog steeds met ondersteuning vanuit Suid-Afrika.

Uitbreiding na die Noorde

Aan die einde van 2017 het 'n afvaardiging van Helderberg Uitreik die gebiede in die noorde van Mosambiek gaan besoek waar IRM sendelinge reeds vir verskeie jare betrokke is om in hierdie oorwegend M@slern areas te werk. Die doel van die besoek was om te kyk of hierdie sendelinge se werk d.m.v 'n geletterdheidsbediening versterk kan word.

Onder andere het hulle ons, André en Anna-Marie Thiart, kom besoek. Ons werk al vir die afgelope 12 jaar in Quionga en omgewing. Dit is in noord-oos Mosambiek, ongeveer 15km van die Tanzaniese grens af. Ons uitreikwerk fokus hoofsaaklik op die Makwe bevolking. Hulle is 'n M@slern mensegroep. Ons het vir baie jare al die behoefte om 'n kleuterskool op Quionga te begin en toe die afvaardiging van Helderberg ons besoek was dit rondom hierdie visie wat ons sinergie gevind het.

Deur vir 4 en 5 jarige kinders te help om hulle skoolgereed te kry bied dit 'n unieke geleentheid om ook die goeie nuus van Jesus Christus aan die Makwes te bring. Daar bestaan tans geen graad R of RR onderrig in die Mosambiekse skoolstelsel nie. Aangesien Portugees Mosambiek se amptelike taal is vind alle formele onderrig in Portugees plaas. Feitlik geen kinders en baie min ouers in die landelike gebiede praat enige Portugees en dit is grootliks die rede waarom so min kinders skool toe gaan. Die wat wêl skool toe gaan, verstaan nie wat geleer word nie, omdat hulle nie Portugees magtig is nie.

So is daar toe gebid oor die saak en later besluit dat die Helderberg Geletterdheidsbediening, in samewerking met die IRM, Tumbini Sinode, 'n kleuterskool op Quionga sal vestig. Dit sal ook dien as 'n loodsprojek wat moontlik in die toekoms kan uitbrei na ander gebiede in die noorde waar die IRM reeds betrokke is. Ons, André en Anna-Marie Thiart, sal die koördineerders van die bediening wees in die noorde van Mosambiek.



Ontmoet ons in 2019:

Ons wil baie graag, aan die begin van 2019 wanneer ons in Suid Afrika is, almal ontmoet wat tans die Mosambiek Geletterdheidsbediening ondersteun. Tydens hierdie besoeke aan julle sal ons natuurlik kans kry jou persoonlik te ontmoet maar dan somer ook met fotos en video vir julle eerstehands terugvoer gee oor die werk van Geletterdheid in Mosambiek in Quionga.

As jy hierdie nuusbrieff kry en ons aan die begin van 2019 wil ontmoet, maak asb kontak deur 'n e-pos aan ons te stuur na thiartaa@gmail.com

Tans lyk die vordering so...

Ons moet toestemming van die plaaslike regering kry voordat ons met die program kan begin. Na gesprekke met ons burgermeester en plaaslike hoofman, wat baie positief gereageer het en baie opgewonde is oor so 'n projek, het ons 'n brief aan die Administrateur op Palma, die distrik se hoofkwartier, geskryf. Ons verwag om binne enkele dae (hopenlik positiewe) terugvoer te kry. Ons grootste uitdaging is om iemand te kry wat bekwaam en 'n Christen is, om die onderwyser/es te wees. Iemand wat 'n passie vir Jesus en kinders het, en dit nie net as werk sal beskou nie.

Daar is 'n Mosambiekse man en vrou wat 'n paar jaar gelede deur 'n Keniaanse sendingorganisasie as sendelinge opgelei is, en wat ook tans werk onder die Makwes in die Palma omgewing. Die vrou is baie bekwaam en hulle is bereid om na Quionga te trek om ons met die kleuterskool te kom help. Ons wag tans vir hulle koördineerder wat aan die einde van die Mei sal terug kom vanuit Kenia sodat ons finaliteit kan kry oor hul betrokkenheid. Voor sy vertrek na Kenia het ons 'n gesprek met hom daarvoor gehad en hy het baie positief daarop gereageer.

Die plan is om dan teen einde Julie met 'n speelgroep te begin ter voorbereiding vir die kleuterskool wat dan hopenlik in 2019 sal open. Terwyl die skooltjie in aanbou is, sal ons van bestaande strukture op ons terrein gebruik maak. Ons droom is om 'n volwaardige kleuterskool te vestig, met goed toegeruste personeel en klaskamers. Ons vra dat u asseblief saam met ons sal bid vir bogenoemde sake.

Ons vertrou dat dit die Vader se wil is en daarom vertrou ons Hom om ook in elkeen van ons behoeftes te voorsien.

Baie dankie dat julle saam met ons is in hierdie bediening.

Jesusliefde

André en Anna-Marie
(Sendelinge: Quionga)
thiartaa@gmail.com

Mosambiek Geletterdheid: Projekleier
Bertus van Schalkwyk
Epos: vanschalkwykbertus@gmail.com



KINDERBLAD

Teks Gal. 5:22-23

Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie.

Laat mamma of pappa jou hiermee help:

Watter Vrugte van die Gees sal jy in die volgende situasies gebruik?

Dis na skool en jou ma/pa is laat om jou te kom haal? (Geduld)

Een van die kinders by die skool het hulle toebroodjies vergeet en vra of hulle joune kan deel?

(Goedhartigheid)

Jy het die beste punte in die klas gekry, en 'n paar mense wens jou geluk. Jy "brag" nie omdat jy die slimste is nie. (Nederigheid)

Jy het op jou verjaarsdag R1000 gekry van almal af. Jy besluit om nie die geld te mors en als in een slag te spandeer nie. (Selfbeheersing)

Een van jou maats vertel jou van 'n verassing wat hulle beplan vir iemand en vra dat jy dit 'n geheim moet hou. (Getrouheid)


Jy word gegroet deur die buur tannie, maar al het jy 'n slegte dag gehad by die skool groet jy haar terug. (Vriendelikheid)

Vind die vrug van die Gees: Liefde, Vrede, Vreugde, Geduld, Selfbeheersing, Goedhartigheid, Getrouheid, Nederigheid, Vriendelikheid

B	E	E	G	E	H	E	I	G	E	D	U	L	D
V	E	V	R	G	E	T	R	O	U	H	E	I	D
G	L	E	I	G	H	G	E	E	I	G	H	E	R
I	E	E	D	D	V	A	E	D	R	L	T	F	E
U	N	E	D	E	R	I	G	H	E	I	D	D	D
E	U	E	G	O	D	H	F	A	L	G	E	E	G
N	D	E	E	E	D	L	H	R	I	G	D	E	T
L	H	R	V	L	I	E	I	T	E	R	I	D	V
E	E	E	T	I	E	G	D	I	D	E	D	E	R
S	U	E	R	I	V	V	R	G	D	R	O	I	E
E	E	H	L	D	R	F	U	H	S	E	G	I	U
S	E	L	F	B	E	H	E	E	R	S	I	N	G
V	R	I	E	N	D	E	L	I	K	H	E	I	D
I	E	E	G	E	E	H	D	D	E	R	E	O	E

LEESROOSTER : JULIE 2018

(Mark.5:21-43; Mark.6:1-29; Ef.2:11-22; Joh.6:1-21)



DWARS:

- 1 Jesus het die goeie van vrede gebring. [Ef. 2].
- 6 Jesus is in verwerp. [Mark. 6].
- 7 Julle het nou naby gekom deur die van Christus. [Ef. 2].
- 9 'n Vrou het vir jaar aan bloedvloeiing gely. [Mark. 5].
- 11 Die raadslid het op sy voor Jesus neergeval. [Mark. 6].
- 12 Christus is ons [Ef. 2].
- 15 Die seuntjie het vyf en twee vissies gehad. [Joh. 6].
- 17 Die see van Galilea is ook so genoem. [Joh. 6].
- 18 Julle is nie meer, maar medeburgers. [Ef. 2].
- 19 Jesus het vir die dogtertjie gesê: "..... koem"! [Mark. 5]
- 20 'n word oral erken, behalwe waar hy groot geword het. [Mark. 6],
- 21 Koning het van Jesus gehoor. [Mark. 6].

AF:

- 2 Die van die Jode was naby. [Joh. 6].
- 3 Jesus het vir die raadslid gesê: "Moet jou nie nie!" [Mark. 5].
- 4 Die besnydenis was net aan die liggaam. [Ef. 2].
- 5 Die raadslid het gesê: "My dogtertjie lê op haar [Mark. 5].
- 8 Daar het twaalf vol brood oorgebly. [Joh. 6].
- 10 Die broers van Jesus was Jakobus,, Judas en Simon. [Mark. 6].
- 11 Die vrou het aan Jesus se geraak en gesond geword. [Mark. 5].
- 13 Die was onbesnedenes genoem. [Ef. 2].
- 14 'n Raadslid met die naam se dogtertjie was baie siek. [Mark. 6].
- 16 Jesus het vir die vrou gesê "..... jou geloof het jou gered!" [Mark. 5].

Strand residential prices are showing

IMPRESSIVE GROWTH

Call or WhatsApp

Helderberg Sales Agents

Edelweiss Hankey 083 252 1964

Burger van Dyk 084 540 4543



pamgolding.co.za



PAM GOLDING
PROPERTIES

Printing sponsored by Pam Golding Properties.